

# BMSSK Konstitusie

*Soos goedgekeur op Spesiale Algemene Vergadering van 15 November 2008*

## 1 Naam en Regspersoonlikheid

- 1.1 Die vrywillige vereniging wat hiermee gekonstitueer word, sal bekend staan as Bloemfontein Metaal Silhoeët-Skietklub (hierna "die klub" genoem).
- 1.2 Die klub, 'n vrywillige vereniging sonder winsoogmerk met voortdurende bestaan apart van sy lede of bestuur, is 'n regs persoon wat deur middel van sy behoorlik gemagtigde ampsdraers en/of verteenwoordigers handel, en wat in eie naam onafhanklik van sy lede bates besit, laste en verpligtinge aangaan en regsdinge aanhangig maak of teenstaan.
- 1.3 Alle onroerende eiendom of registreerbare regte in onroerende eiendom deur die klub verkry, word in die volle naam van die klub geregistreer.
- 1.4 Geen persoon het enige reg op enige bates of toevallige winste op verkope of op enige ander wyse deur die klub verkry nie, maar die klub kan wel aan sy besoldigde amptenare en ander persone of instansies wat aan hom dienste of goedere gelewer het 'n redelike vergoeding betaal.
- 1.5 Aanspreeklikheid van lede van die klub vir die klub se skulde teenoor derdes is beperk tot die bedrag wat sodanige lid nog verskuldig is aan die klub ten opsigte van ledegeld.

## 2 Doelstellings van die klub

Die hoofdoel van die klub is om as 'n vrywillige vereniging sonder winsoogmerk die Metaal Silhoeët Skietsport in die algemeen en in Bloemfontein in besonder as 'n sport en openbare weldaads-aktiwiteit te bevorder.


Die doelstellings van die klub, wat verbied word om enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit te dryf, is:

- 2.1 Om alle erkende fasette van die Metaal Silhoeët Skietsport te beoefen en te bevorder, soos beskryf en uiteengesit in die reëls en regulasies van IMSSU en SAMSSA.
- 2.2 Die beywering om Silhoeët Skiet as 'n familiesport in te stel en te vestig deur lede en belangstellendes aan te moedig om betrokke te raak hierby, en om bestaande en nuwe fasiliteite so in te rig en te omskep, om hierdie gesinne te akkommodeer.
- 2.3 Om trofee- en pryskompetisies te organiseer en dit so te reël dat sulke wedstryde streng volgens reëls en regulasies, soos uiteengesit, sal plaasvind.
- 2.4 Om kompetisies te reël op klub, provinsiale, nasionale en internasionale vlak.

Geen aktiwiteit sal regstreeks of onregstreeks die ekonomiese eiebelang van enige fiduciarius of werknemer van die klub bevorder nie, anders as by wyse van redelike besoldiging.

## 3 Lidmaatskap

- 3.1 Lidmaatskap van die klub is beskikbaar vir alle persone wat belangstelling toon in hierdie sport, en wat bereid is om die reëls van die sportsoort, sowel as van die klub en die beheerliggame daarvan, na te kom.
- 3.2 Alle nuwe aansoeke moet gesteun word deur 'n reeds bestaande lid van die klub, wie se ledegeld ten volle betaal is.
- 3.3 Applikante kan aan die klub behoort vir 'n proeftydperk van een maand. Na die verstryking van hierdie periode, moet permanente lidmaatskap goedgekeur word deur die Komitee. Ingeval lidmaatskap geweier word, sal die komitee geen redes verskaf nie, en intreegeld sal terugbetaal word.
- 3.4 Vrywillige beëindiging van lidmaatskap moet skriftelik aan die Sekretaris van die klub voorgelê word, en sal slegs aanvaar word indien lidmaatskap ten volle betaal is. 'n Lid wie se lidmaatskappeld ten volle betaal is, mag te enige tyd bedank en dan alle geld wat hy reeds aan die klub betaal het, verbeur. 'n Lid wat wil heraansluit se toetreegeld mag, indien die komitee so sou besluit, aansluit sonder om weer toetreegeld te betaal.
- 3.5 Slegs lede wie se lidmaatskappeld ten volle betaal is, sal stemgeregtig wees.



# *Bloemfontein Metaal Silhoeët Skietklub*

## *Bloemfontein Metallic Silhouette Shooting Club*

### **4 Dissiplinêre aangeleenthede**

- 4.1 Die komitee mag ondersoek doen en 'n beslissing fel aangaande enige klagte teen enige lid ten opsigte van onbetaamlike gedrag of gedrag wat nadelig is vir die belang van die klub of sy lede ooreenkomstig die Dissiplinêre Kode soos gewysig op 12 Julie 2005 (Aanhangsel A tot die Konstitusie) en wat van tyd tot tyd hersien kan word.
- 4.2 Waar geen spesifieke voorsiening vir strafbevoegdheid gemaak is in die konstitusie, reëls en kode nie, en die komitee vind 'n skuldige daaraan dat hy enige van die reëls of kode oortree, kan die komitee so 'n lid se lidmaatskap opskort vir 'n tydperk wat nie een jaar sal oorskry nie.
- 4.3 Elke lid geniet die reg van appél tot die Sentrale Bestuur van die Bloemfontein Skietsentrum.

### **5 Affiliasie**

Die klub sal affilieer by die Vrystaat Metaal Silhoeët Skietvereniging.

### **6 Komitee**

Die komitee sal verkies word uit bestaande opbetaalde lede en sal as volg saamgestel word:


- 6.1 Voorsitter;
- 6.2 Ondervoorsitter;
- 6.3 Sekretaris;
- 6.4 Tesourier;

wie by wyse van 'n meerderheidstem by die Algemene Jaarvergadering vir 'n periode van een jaar verkies word (Enige twee poste mag gekombineer word); en

- 6.5 Nie minder nie as 4 addisionele lede, wat deur die dagbestuur bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris en tesourier aangestel sal word.
- 6.6 Gekose en aangestelde lede van die komitee sal dien vir een jaar, en is herkiesbaar vir 'n volgende jaar. Enige vakante pos in die komitee sal gevul word deur 'n lid wat benoem word deur die dagbestuur, welke persoon sal dien vir die tydperk totdat die volgende Algemene Jaarvergadering sal plaasvind, en ook herkiesbaar sal wees.
- 6.7 Persone kan deur die dagbestuur koöpteer word om sekere pligte te vervul.
- 6.8 'n Persoon wat die SAMSSA baanoffisiereksamen geslaag het kan deur die dagbestuur koöpteer word om pligte as baanoffisier te vervul.

### **7 Bestuur**

- 7.1 Behalwe waar in hierdie konstitusie anders voorsien word, is die algehele bestuur van die klub in die behoorlik gekonstitueerde vergaderings van die komitee gevestig.
- 7.2 Die komitee moet minstens een keer elke drie maande vergader, op 'n tyd en plek waarvan aan alle komiteeledede redelik kennis gegee is.
- 7.3 Komiteeledede wat drie agtereenvolgende vergaderings, sonder 'n grondige verskoning nie bywoon nie, sal outomaties geskors word.
- 7.4 'n Kworum sal wees een lid meer as die helfte van die totale komitee.
- 7.5 By 'n komitee-vergadering sal elke lid een stem hê. Die Voorsitter sal egter 'n beslissende stem hê in die geval van 'n gelykop uitslag.
- 7.6 Die komitee sal die reg hê om reëls neer te lê rakende die administrasie en bestuur van die klub, mits sodanige reëls nie in stryd is met die konstitusie van die klub nie.
- 7.7 Die komitee sal die verantwoordelikheid, mag en bevoegdheid hê om die belange van die klub en sy lede te alle tye te beskerm, deur onder andere, sonder om enigsins afbreuk te doen aan enige van die bepalings van hierdie konstitusie, 'n bankrekening te open in die naam van die klub en daarmee te handel, uitstaande ledegeld te vorder, indien nodig aksies in die naam van die klub in te stel of te



# *Bloemfontein Metaal Silhoeët Skietklub*

## *Bloemfontein Metallic Silhouette Shooting Club*

verdedig, toepaslike dissiplinêre stappe teen lede te neem, en die direkte beheer oor en verantwoordelikheid vir die onderhoud, bestuur en veiligheid van die skietbaan wat die klub beset uit te voer.

- 7.8 Die komitee sal geld vir en namens die klub leen en betaling daarvan waarborg op sodanige wyses en voorwaardes as wat die bestuur wenslik mag ag.
- 7.9 Die komitee sal volledig boeke en rekenings hou van gelde wat deur die klub ontvang of uitbetaal is, waarvan volle verslag op die Algemene Jaarvergadering gelewer sal word.
- 7.10 Die komitee kan sub-komitees aanwys om enige van die klub se aktiwiteite aan ander lede van die klub en die bestuur te delegeer.
- 7.11 Alle prokurasies ter instelling of verdediging van enige regsgeding of vir die registrasie van enige oordrag van vaste eiendom of verdere ooreenkomste, kontrakte, verhandelbare dokumente of ander dokumente of stukke sal deur die voorsitter en sekretaris of enige ander genomineerde komiteelid onderteken word.

### **8 Foioe**


- 8.1 Intreefoioe, soos van tyd tot tyd by die Algemene Jaarvergadering besluit, sal die applikant se aansoek om lidmaatskap vergesel.
- 8.2 Jaarlikse ledefoioe sal betaalbaar wees vir elke kalender jaar. Jaarlikse ledefoioe van 'n nuwe lid wat gedurende die loop van 'n kalender jaar inskryf, sal aangepas word soos deur die komitee besluit word.
- 8.3 Intreefoioe, jaarlikse ledefoioe en baanfoioe sal deur die Algemene Jaarvergadering bepaal word.
- 8.4 Lidmaatskap van SAMSSA is verpligtend vir alle kompeterende klublede.

### **9 Finansies**

- 9.1 Die finansiële jaar van die klub sal vanaf 1 Oktober tot 30 September wees sodat die boeke afgesluit kan word vir die Algemene Jaarvergadering.
- 9.2 Die periode vir lidmaatskap sal vanaf 1 Januarie tot 31 Desember wees. Lidmaatskapfoioe is jaarliks betaalbaar vanaf 1 Oktober tot 30 November, waarna die lid nie net kan hernu nie, maar weer toelatingsfoioe moet betaal. Aanmanings sal gedurende Oktober na bestaande lede gestuur word.
- 9.3 Die uitvoerende bestuur sal die nodige rekeninge, inskrywings, registers en rekords hou om te verseker dat die finansiële sake behoorlike bestuur word. Alle boeke en rekords word vir minstens vyf jaar bewaar.
- 9.4 'n Onafhanklike "ouditeur" sal jaarliks aangestel word. Die "ouditeur" sal die reg hê om ter enige tyd toegang tot die boeke en rekenings te bekom ten einde te verseker dat geen wanbestuur plaasvind nie. "Ouditeur" soos in hierdie dokument verwys is 'n kenner van finansiële state, maar nie noodwendig 'n geregistreerde ouditeur nie.
- 9.5 Lede van die komitee sal nie geregtig wees op enige vergoeding vir die werk wat verrig word in hulle kapasiteit as komiteelid nie.
- 9.6 Geen lid het ter enige tyd enige reg of aanspraak op enige toevallige winste, eiendom of fondse van die klub nie, wat verbied word om enige van sy fondse aan enige persoon uit te keer (behalwe in die loop van die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit) en wat vereis word om sy fondse alleenlik vir die oogmerk waarvoor dit ingestel is, aan te wend.
- 9.7 Geen besoldiging wat oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer, sal aan enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon betaal word nie, en die klub sal nie enige persoon ekonomies bevoordeel nie op enige wyse wat nie in ooreenstemming met sy oogmerke is nie.

### **10 Algemene jaarvergadering**

- 10.1 Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word tussen 1 Oktober en 31 Desember van elke en iedere jaar, op 'n datum bepaal te word deur die bestuur.
- 10.2 Spesiale Algemene Vergaderings sal gehou word wanneer die komitee so besluit en ook wanneer skriftelik versoek deur ten minste tien lede ontvang is. Sodanige versoek sal ingedien word by die Sekretaris wat die Spesiale Algemene Vergadering sal belê op 'n datum goedgekeur deur die komitee,



# *Bloemfontein Metaal Silhoeët Skietklub*

## *Bloemfontein Metallic Silhouette Shooting Club*

maar wat nie later sal wees as 60 dae vanaf die ontvangs van sodanige versoek nie. Kennisgewing van sodanige vergadering sal op dieselfde wyse gegee word as die kennisgewing van 'n Algemene Jaarvergadering.

- 10.3 Kennisgewing van alle Algemene Vergaderings sal per pos, faks of e-pos aan lede versprei word nie minder as veertien dae voor die datum waarop die vergadering gehou gaan word nie. In die geval van 'n Spesiale Algemene Vergadering sal die kennisgewing vermeld wat die doel van die Spesiale Algemene Vergadering is en by 'n Algemene Jaarvergadering sal die kennisgewing vergesel word van 'n voorgestelde agenda.
- 10.4 'n Kworum by enige Algemene Jaarvergadering sal een vyfde van die stemgeregtigde lede wees. Indien die kworum nie behaal word nie, dan sal daar vir 'n addisionele 30 minute gewag word, waarna die lede wat opgedaag het as die kworum aanvaar word.
- 10.5 Geen lid wie se jaargeld nie ten volle betaal is, sal geregtig wees om te stem op 'n Algemene of Spesiale Algemene Vergadering nie.
- 10.6 By 'n Algemene Jaarvergadering mag enige mosie ter tafel gelê word, daarvoor gestem word en aangeneem word nieteenstaande die feit dat geen voorafgaande kennis daarvan gegee is nie, maar onderworpe aan die bepalings dat by 'n Spesiale Algemene Vergadering slegs mosies waarna verwys word in die kennisgewing van byeenroeping van die vergadering, ter tafel gelê mag word.
- 10.7 Onderworpe aan die bepalings wat handel met die wysiging van die Konstitusie, sal alle besluite op 'n Algemene Jaarvergadering geneem word by wyse van 'n meerderheid van stemme van die dan teenwoordige lede. Stemming sal geskied by wyse van die opsteek van hande behalwe wanneer die vergadering anders besluit en behalwe in geval van die verkiesing van die bestuur, wat sal geskied by wyse van geslote stembriefies. In die geval van geslote stembriefies, sal die vergadering twee stembeampies aanwys wat die stemme sal tel en onmiddellik die uitslag van die stemming aan die voorsitter bekend sal maak wat dit aan die vergadering sal oordra. Die voorsitter sal by die vergadering 'n gewone sowel as 'n beslissende stem hê.
- 10.8 In alle sake waarin die voorsitter nie kan optree nie, sal die onder-voorsitter optree, maar wanneer albei afwesig is by 'n Algemene Vergadering, sal die vergadering dan 'n voorsitter uit die bestuur van die klub vir die vergadering aanwys.

### **11 Ere-lidmaatskap**

- 11.1 Ere-lidmaatskap kan toegeken word by die Algemene Jaarvergadering aan enige persoon wat spesiale dienste gelewer het aan die klub, hetsy finansieël, materieël of andersins. Ere-lidmaatskap sal so 'n lid kwytstel van jaarlikse subskripsie, maar nie van daaglikse baanfooie of intreefooie wat by enige ander klubkompetisie gehou word nie.

### **12 Grondwet**

- 12.1 By toetrede sal 'n afskrif van die dan geldende konstitusie aan die nuwe lid verskaf word, waarna sodanige lid die bepalings van die Konstitusie sal aanvaar en hom of haar daaraan sal onderwerp.
- 12.2 Ingeval dit nodig sou word om hierdie Konstitusie te wysig of aan te vul, sal dit geskied deur 'n twee derde meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigde lede op 'n Spesiale Algemene Vergadering wat belê is vir daardie doel. Die beoogde wysigings of aanvullings sal duidelik uiteengesit word in die kennisgewing waarkragtens die Spesiale Algemene Vergadering belê word spesifiek vir die doel om die Konstitusie te wysig ten minste veertien dae voor die datum van die vergadering aan lede gestuur word.
- 12.3 'n Afskrif van enige wysigings aan die konstitusie moet aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, die Suid-Afrikaanse Polisdiediens en die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde voorgelê word.

### **13 Vrywaring**

- 13.1 Alle klublede aanvaar dat nie die klub of die komiteelede verantwoordelik gehou kan word vir enigiets wat ingevolge hierdie konstitusie gedoen is nie, of in besonder vir enige ongeluk of besering wat kan voorkom gedurende enige skietoefening of kompetisie op die klub se persele nie. Alle lede, gaste en toeskouers moet 'n vrywaring dienooreenkomstig onderteken.



# *Bloemfontein Metaal Silhoeët Skietklub*

---

## *Bloemfontein Metallic Silhouette Shooting Club*

- 13.2 Geen lid sal persoonlik aanspreeklik gehou word nie vir enige handeling wat deur of namens die klub verrig is, of vir enige handeling wat hy/sy *bona fide* namens die klub verrig het.

### **14 Reëls**

- 14.1 Die komitee sal reëls bepaal wat deur alle lede gehoorsaam moet word, in besonder, en minstens op 'n jaarlikse basis hersien, met betrekking tot die direkte beheer oor en verantwoordelikheid vir die skietbaan wat die klub beset.
- 14.2 Sodanige reëls moet aan alle lede bekend gemaak word, en prominent en opsigtelik by die skietbaan beskikbaar wees.

### **15 Ontbinding**

- 15.1 By ontbinding van die klub sal die oorblywende bates oorbetaal word aan enige soortgelyke ander openbare weldaadsorganisasie wat goedkeuring ingevolge artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, 1962, geniet, soos deur die vergadering bepaal. Indien geen besluit geneem word oor die netto bates van die klub nie, sal die netto bates oorgedra word aan SAMSSA.
- 15.2 Die klub sal alleen ontbind word deur 'n besluit geneem deur twee-derde meerderheid van die aanwesige stemgeregtigde lede op 'n Algemene Vergadering wat vir daardie doel belê is. 'n Kworum vir sodanige vergadering sal bestaan uit ten minste een vyfde van die totale aantal gewone stemgeregtigde lede van die klub. Indien die kworum nie behaal word nie, dan sal daar vir 'n addisionele 30 minute gewag word, waarna die lede wat opgedaag het as die kworum aanvaar word. Minstens dertig dae kennis moet vir so 'n vergadering gegee word en die kennisgewing moet duidelik meld dat die ontbinding van die klub en die beskikking oor sy bates oorweeg sal word. By gebreke aan so 'n opkoms, word die vergadering vir dertig dae verdaag, by hervatting waarvan die vergadering finaal met 'n gewone meerderheid stem besluit, ongeag die bywoning.